

8 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 81 (Oav)

Fokusgedeelte: Psalm 81:2

Vier fees met bekering en gehoorsaamheid

Vreemd dat feesvier 'n opdrag kan wees. As 'n insetting of verordening van God. En dan nog 'n fees wat oor minstens 15 dae strek. Die ramshoring moet met nuwemaan die begin van die fees aankondig, ook die einde van die fees wanneer dit twee weke later volmaan is (vs 4). Moontlik is dit die loofhuttefees wat hier aan ander feestelikhede gekoppel is. Ná die vrugte-oes in die herfs het hierdie fees plaasgevind. God is gedank vir die goeie jaar, maar die uittoeg uit die slawehuis van Egipte is ook in herinnering geroep.

As slawe van Egipte moes hulle mandjies vol klei op hulle skouers van die kleigate af na die bouwerk toe aandra. God het dit self afgehaal en hulle kon dit daar los en as vry mense wegtrek (vs 7). Dan was daar die wolkolom wat tussen hulle en die Egiptenaars gaan staan het toe hulle by die uittoeg agtervolg is. By Meriba het Hy vir hulle water gegee (vs 8). By Sinai het Hy aan hulle die Tien Gebooie gegee (vs 10, 11).

Hy alleen is hulle God wat hulle met oorvloed versorg. Soos 'n voël wat haar kleintjies versorg: "... maak jou mond wyd oop dat Ek dit kan vul" (vs 11). Hulle is sy volk. Hy het volle aanspraak op hulle. Daarom eis Hy onverdeelde trou en aanbidding van hulle.

Die volk word opgeroep om hierdie vrolike fees te vier met blydschap: Jubel tot eer van God, ons sterkte! Juig tot eer van die God van Jakob! (vs 2). Daar is soveel rede om fees te vier. Jubel en juig!

Skielik is daar te midde van die jubel- en juigtone 'n wanklank. Daar is 'n verwyf. Drie maal verwyf die Here sy volk. Vers 9: "Israel, as jy tog na My wou luister!" Vers 12: "My volk het na my stem nie geluister nie." Vers 14: "Ag, as my volk maar na my wou luister."

Die volk se sonde kan in een woord saamgevat word: ongehoorsaamheid. In plaas daarvan om na God te luister, volg hulle hul eie kop (vs 13). Hulle godsdienstige feeste gaan nie gepaard met bekering en gehoorsaamheid nie. Dit lei tot skynheiligheid. En dan ontbeer die volk so verskriklik baie ... As julle maar na die Here se Woord wou luister, sal baie dinge anders wees: Die kerk se vyande sal onderwerp word (vs 15) ... Die Here se haters sal kruipend na Hom toe kom (vs 16) ... Die gelowiges sal met die beste gevoed en versadig word (vs 17) ... Vers 12: "Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie."

Laat ons jubel en juig in ons godsdienstige feesvieringe terwyl ons luister na die Woord. Laat ons feesvieringe gepaardgaan met bekering en gehoorsaamheid.

Sing: Psalm 48:4 (1936)

Ds JJ de Kock (Vaalharts)